MICROSOFT POWERPOINT 2007

5.1 DIE SKEP VAN 'N NUWE AANBIEDING

Bl 268

Soos met die ander MS Office 2007 toepassings, word al die instruksies by MS PowerPoint 2007 op tabs in logiese groepe georganiseer:



KENNISMAKING MET 'N POWERPOINT-AANBIEDING

Die verskillende ***View***-opsies kan op die **View**-tab in die **Presentation Views**-groep gevind word:

Die ***Notes Page View*** laat jou toe om notas onderaan 'n skyfie in te tik wat jy tydens jou aanbieding kan gebruik of om na jou notas te kyk wat jy reeds ingetik het.

Aktiwiteit 1 Bl 269

DIE SKEP VAN ‘N NUWE AANBIEDING

Klik op **Office Button**, **New**.



Wanneer ons *PowerPoint* op hierdie manier aktiveer, bied dit ons die volgende opsies aan:

Blank presentation (skep ‘n nuwe aanbieding sonder om jou ‘n tema te laat kies.

Installed templates stel jou in staat om uit *templates* te kies wat reeds ontwerp is om fotoalbums, ens. op te stel.

Installed themes gee jou ‘n deurgaande font- en kleurskema vir jou aanbieding.

New from existing laai een van jou vorige aanbiedings.

Daar is heelparty nuwe opsies beskikbaar van Microsoft Office Online.

Die uitleg van ‘n skyfie

Jy kan nog steeds maklik teks en grafika in Office 2007 rangskik. Mens doen dit deur te klik op die **Home**-tab en dan op **Layout** in die **Slides**-groep te klik. Dit vertoon ‘n kieslys met die verskillende uitlegopsies. Die verskillende uitlegopsies vir die skyfie is nie soos tevore in verskillende groepe gerangskik nie (Text Layouts, Content Layouts, Text and Content Layouts), maar bied dieselfde verskeidenheid.



Aktiwiteit 2 Bl 271

DIE INVOEG VAN ‘N NUWE SKYFIE



‘n Skyfie word as volg by jou aanbieding gevoeg:

Home-tab, **Slides**-groep, **New Slide** – <Ctrl> <M>

Kies ‘n uitleg vir jou skyfie. Die nuwe skyfie sal direk na jou huidige skyfie ingevoeg word.

Aktiwiteit 3 Bl 272

……..

Skep ‘n nuwe skyfie deur die **Title and Content**-uitleg te gebruik.

……..

Voeg nog ‘n skyfie by – gebruik die **Content with Caption**-uitleg.

REDIGEER OF SKRAP VAN ‘N SKYFIE

Bestaande skyfies kan nog steeds geredigeer word deur te klik op die element op die bladsy wat redigeer moet word.

‘n Skyfie kan as volg geskrap word:

Home-tab, **Delete** (Dit skrap die skyfie waarmee jy besig is).

Aktiwiteit 4 Bl 273

Aktiwiteit 5 Bl 273

VERANDER DIE VOORKOMS VAN SKYFIES

KARAKTERFORMATERING EN INLYNSTELLING

Die opdragte vir karakterformatering en inlynstelling kom nou alles op die **Home**-tab voor.

Word Art en tekshokkies is op die **Format**-tab.



VERANDER DIE AGTERGRONDKLEUR VAN DIE SKYFIE

Die agtergrond van ‘n skyfie kan verander word deur te kyk na die **Design**-tab, **Background**-groep**, Background Styles** en deur **Format Background** uit die kieslys te selekteer.

Jy kan die kleure ook verander binne die **Themes**-groep, onder **Colors**.



VERANDER DIE UITLEG VAN DIE SKYFIE

Op die **Home**-tab in die **Slides**-groep.

Activity 6 Bl 275

Activity 7 Bl 276

DIE DRUK VAN ‘N AANBIEDING

- Klik op die **Office button**.
- Klik **Print**.

Die drukopsies bly dieselfde as in die vorige weergawe.

Aktiwiteit 8 Bl 277

Aktiwiteit 9 Bl 278

5.2 DIE BYVOEGING VAN MULTIMEDIA

DIE GEBRUIK VAN GRAFIKA

Enige prentjie of grafika kan ingevoeg word deur die Insert-tab te gebruik en die verlangde inhoud te selekteer.



'n Prentjie kan steeds verander word deur daarop te regsklik en die verlangde opdrag in die kieslys te selekteer.



Na die prentjie/grafika ingevoeg is, kan dit met die **Picture Tools** se **Format**-tab redigeer word.

(Die prent moet eers geselekteer wees.)



Aktiwiteit 1 Bl 282

Aktiwiteit 2 Bl 282

BYVOEG VAN SPESIALE EFFEKTE

ANIMASIE BY SEKERE ELEMENTE VAN 'N SKYFIE

Om animasie by enige element te voeg, is daar 'n tab spesifiek vir animasies.



Klik op die opsie by **Animate** om die verlangde animasie-effek te selekteer. Hier kan jy ook die **Custom Animation**-taakpaneel aktiveer, wat baie ooreenstem met die manier hoe ons animasie in PowerPoint 97 bygevoeg het.

Aktiwiteit 3 Bl 284

DIE BYVOEG VAN ‘N OORGANG BY ‘N SKYFIE

Dieselfde tab as die een hierbo kan gebruik word om ‘n oorgang vir jou skyfies te selekteer. ‘n Handige nuwigheid is die voorskou wat mens kan sien deur net die merker oor die *transition-button* te beweeg. Dit kom in alle nuwe Office 2007-pakkette voor en stel mens in staat om vinnig ‘n besluit te maak oor watter formatering om te gebruik.

Aktiwiteit 4 Bl 284

Aktiwiteit 5 Bl 284

VERANDERING VAN AL DIE SKYFIES SE VOORKOMS

SLIDE MASTERS

Die voorkoms van alle skyfies kan as volg met behulp van **Slide Master** verander word:

- Kies die **View**-tab en gaan na die Slide Master-button in die **Presentation Views**-groep.
- Selekteer die element wat redigeer moet word.
- Verander die font, kleur, bullets, ens. soos jy hulle wil hê.
- Verander die animasie deur die Custom Animation te gebruik.
- Herbenoem.

Aktiwiteit 6 Bl 286

DIE INVOEGING VAN VIDEO EN KLANK

Klank en video kan soos volg in ‘n aanbieding ingevoeg word:

Kies die **Insert**-tab en selekteer óf die **Movie-** óf die **Sound**-button in die **Media Clips**-groep.

Aktiwiteit 7 Bl 287

Aktiwiteit 8 Bl 288

5.3 INTERAKTIEWE AANBIEDINGS

KOM ONS NAVIGEER!

NAVIGEER GEDURENDE 'N VERTONING

Dieselfde as voorheen.

Aktiwiteit 1 Bl 292

DIE GEBRUIK VAN ACTION BUTTONS OM TE NAVIGEER



In PowerPoint 2007 is daar geen ingeboude *Action buttons* nie. In plaas daarvan is daar 'n vinnige, maklike manier om enige prent of Shape in 'n *Action button t*e verander.

Daar is Shapes wat as *Action buttons* verander en gebruik kan word. As jy op **Insert**, **Shapes** (in die **Illustrations**-groep) klik, is hierdie **Shapes** heel onder. Voeg so 'n Shape in en verander dit (of enige ander grafika) soos volg in 'n *Action button*:

- **Insert**, **Action** (in **Links**-groep).
- Kies dan **Mouse Click** of **Mouse Over**-opsie om te bepaal hoe die button geaktiveer sal word.
- Spesifiseer die aksie.

Hyperlinks word op dieselfde manier geskep, deur die element te selekteer en dan op die **Hyperlink-**button te klik.

Aktiwiteit 2 Bl 293

LIGTE, KAMERA, AKSIE!

HYPERLINKS

Hyperlinks word geskep deur die element vanaf die **Insert**-tab, **Links**-groep te selekteer en dan op die **Hyperlink**-button te klik.



Selekteer 'n bladsy in hierdie dokument om te demonstreer wat gebeur wanneer mens op 'n **Hyperlink** in die skyfie klik.

DIE GEBRUIK VAN 'N KIESLYS

Skep Hyperlinks om 'n kieslys op die eerste skyfie te maak wat jou help om binne die aanbieding te navigeer.

Aktiwiteit 3 Bl 295

Aktiwiteit 4 Bl 297

Aktiwiteit 5 Bl 297

TIPES AKSIES

Daar is verskillende tipes aksies wat aan 'n objek gekoppel kan word, naamlik:

- None
- Hyperlink to
- Run program
- Run Macro
- Object action
- Play sound
- Highlight click



Aktiwiteit 6 Bl 299

Aktiwiteit 7 Bl 300